HOËRSKOOL ELLISRAS

AANSOEK OM TOELATING : KOSHUIS 2018

TOELATINGSNOMMER : _____

TOELATINGSDATUM : _____

GESINSBESONDERHEDE :

Ouer /Voog		***(Persoon verantwoordelik vir die betaling van koshuisgelde)***			
Van					
Voorletters				Titel :	
Huisadres					
Posadres					
SA adres *					
Telnr.:	( )	Faksnr.:	( )	Sel.:	
Identiteitsnommer				E-mail adres	
Beroep & Werkgewers Adres					

***BOTSWANA OUERS IS VERPLIG OM 'n ADRES IN SUID AFRIKA TE VERSKAF.**

(2de ouer/voog)

Van					
Voorletters				Titel :	
Huisadres					
Posadres					
Telnr.:	( )	Faksnr.:	( )	Sel.:	
Identiteitsnommer					
Beroep & Werkgewers adres					
Familie/Vriend Kontakpersoon	1.			Tel.:	
	2.			Tel.:	

LEERDERBESONDERHEDE : **Eerste leerder**

Van				Gr in **2018:**	
Voorname		Noemnaam			
Identiteitsnommer					
Geslag (omkring)	M / V	Geboortedatum		Leerder selnr	
Mediese Fonds		Med.fonds nommer			
Gesinsdokter		***Allergie**			

LEERDERBESONDERHEDE : **Tweede leerder**

Van					Gr in **2018:**
Voorname			Noemnaam		
Identiteitsnommer					
Geslag (omkring)	M / V	Geboortedatum		Leerder selnr	
Mediese Fonds			Med.fonds nommer		
Gesinsdokter			***Allergie**		

LEERDERBESONDERHEDE **:** **Derde leerder**

Van					Gr in **2018:**
Voorname			Noemnaam		
Identiteitsnommer					
Geslag (omkring)	M / V	Geboortedatum		Leerder selnr	
Mediese Fonds			Med.fonds nommer		
Gesinsdokter			***Allergie**		

INDIEN U DIE TOELATINGSKRITERIA SO VOLLEDIG AS MOONTLIK INVUL, KAN DIT U KIND SE TOELATINGS MOONTLIKHEID VERSTERK

Toelatingskriteria t.o.v. keuringsproses:

- **Akademiese prestasie:**
  *Heg asb mees onlangse rapport aan.
  *Vermeld ook akademiese hoogtepunte en prestasie toekennings.

_____

_____

- **Sport deelname:**
  *Sportsoorte wat aktief beoefen is en spanne wat verteenwoordig was.
  *Prestasies behaal.

_____

_____

- **Kultuur deelname:**
  *Kultuuur aktiwiteite wat aktief beoefen is die afgelope 2 jaar bv musiek blyspel; koor; skaak; redenaars; debat; ens.
  *Prestasies behaal

_____

_____

- **Leierskap posisies:**
  *Vermeld asb. alle leierskap posisies wat leerder tans beklee.

_____

_____

- **Dissipline:** Alle negatiewe en positiewe inskrywings soos uiteengesit in die dissiplinêre beleide van EHS en dienooreenkomstig aangemeld of vermeld is, sal in ag geneem word tydens die keuringsproses.

- **Betalings geskiedenis:** Die afgelope 2 jaar se betalings geskiedenis van die koshuis-rekening word in ag geneem tydens die keuringsproses.

....
HANDTEKENING OUER/VOOG ***DATUM***

....
HANDTEKENING KEURINGSKOMITEE ***HANDTEKENING SEKRETARESSE***

HOËRSKOOL ELLISRAS

KOSHUIS

Tel : (014) 763-2104/5 Privaatsak X205
Faks nr: (014) 763-2377 Ellisras 0555

BELEIDSTUK : DISSIPLINE

DOELSTELLING

Die dissiplinêre beleid, het ten doel om algemene dissipline binne die koshuis-omgewing daar te stel, te onderhou en om 'n veilige huislike omgewing te skep wat studie en gesonde ontwikkeling van die koshuis leerders bevorder.

DOELWITTE

- Die handhawing van algemene dissipline
- Om 'n veilige huislike omgewing te verseker
- Om 'n omgewing te skep wat alle koshuis leerder gelyke geleentheid bied om te studeer en tot hul volle akademiese potensiaal te presteer
- 'n Telkaart daar te stel wat die keuringsproses om toelating vergemaklik.

Addisionele Reëls

- **ELLISRAS HOËRSKOOL KOSHUIS IS UITSLUITLIK 'N KOSHUIS EN NIE 'N LOSIESHUIS NIE. OUTORITEIT IS DIE ALLEENREG VAN DIE SKOOLHOOF EN KOSHUISBESTUUR IN SAMEWERKING MET DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE SKOOL. ALLE BESLUITE BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE KOSHUIS DISSIPLINêRE BELEID EN TOEPASSING DAARVAN IS FINAAL EN BINDEND. ELKE LEERDER WAT TOELATING VERKRY ASOOK HY/SY OUERS/VOOGDE IS 100% VERANTWOORDBAAR EN ONDERTEKEN HIERDIE DOKUMENT AS BEWYS.**
- LET WEL : GEEN LEERDER WAT NIE 'N KOSHUIS LEERDER IS, WORD SONDER TOESTEMMING IN DIE KOSHUIS TOEGELAAT NIE!!
- Niemand word binne die koshuis terrein toegelaat sonder die nodige toestemming nie.
- Sekere Donderdagaande word 'n sosiale-aand aangebied vir koshuis leerders. Let asb daarop dat dit slegs binne die koshuisterrein van toepassing is en geensins 'n vry pas is vir leerders om die terrein te verlaat nie.
- Dieselfde reël geld vir skool aktiwiteite bv. sokkies of kultuuraande.Koshuisleerders kry slegs verlof om die funksie by te woon en nie om die skoolterrein te verlaat nie. Indien die leerder hierdie reël oortree word hy/sy die res van die kwartaal alle skoolfunksies verbied en verdien summier 10 negatiewe krediete en sy/haar ouers word onmiddelik in kennis gestel.
- Die nodige reëlings moet deur enige koshuisleerder se ouers of voogde getref word wanneer 'n koshuisleerder vir welke rede ookal uitslaap gedurende die skoolweek.
- Die koshuis sal gesluit wees gedurende naweke, met uitsondering vir sekere sport aktiwiteite vir Vrydagaande. Die nodige reëlings moet deur koshuisleerder self met die huisvader/moeder getref word.
- Alle leerders moet en uit teken in die toepaslike in- en uitteken joernale.
- Geen privaat televisie stelle, dvd spelers, tv speletjies of enige elektroniese speletjies van enige aard word toegelaat nie.
- Daar word van graad 8 en soms graad 9 leerders verlang om voor ligte uit, die gang uit te vee.
- Koshuisleerders moet die huisvader/moeder onmiddelik in kennis stel van enige breke van watter aard ookal in die koshuis sodat dit herstel kan word en die rede vir die skade vasgestel kan word.
- Geen selfone of Blackberries word tydens studie toegelaat nie. In geval van 'n noodgeval kan die koshuisvader of moeder geskakel word.
- Alle koshuis leerders word versoek om aan die einde van elke akademiese jaar her-aansoek te doen vir toelating tot die koshuis vir die daaropvolgende akademiese jaar.

TIPE OORTREDING

1. **GRAAD 1-(G1)**

Graad 1 oortredings word verdeel in oortredings wat tydens studie, binne die koshuis of tydens ete in die eetsaal plaasvind.

- Enige vorm van swak of ongevraagde en/of onbetaamlike gedrag.
- Leerling wat laat is vir ete of studie sonder toestemmming of geldige rede.

- **Oortredings tydens studie bv.**

- ❖ Enige selfoon of Blackberry wat gebruik word in die studiesaal.
- ❖ Leerder weier om studiesaal op te ruim na studie.
- ❖ Slaap.
- ❖ Praat.
- ❖ Steurnis vir ander.
- ❖ Stokkiesdraai.

- **Oortredings in die koshuis**
  - ❖ Nie gereed met oggend inspeksie nie.
  - ❖ Klere ens. wat op vloer lê.
  - ❖ Bed nie opgemaak nie.
  - ❖ Kamer onnet ens.

- Swak eetsaalgedrag.
- Alle graad 1 oortredings wat herhaaldelik deur dieselfde leerder oortree word, eskaleer tot 'n graad 2 oortreding.

GRAAD 2 (G2)

- Alle graad 1 oortredings wat herhaaldelik deur dieselfde leerder oortree word, eskaleer tot 'n graad 2 oortreding.
- Sonder toestemming in ander kosganger se kamer.
- Verontagsaam kloktye.
- Leerder nie die in- en uitteken registers invul soos verlang word nie.
- Leerder weier steeds om op te ruim nadat die personeel aan diens die betrokke leerder vermaan het.
- Sonder verlof afwesig in die eetsaal of studiesaal.
- Vuil taalgebruik.
- Swak gedrag teenoor personeel.
- Enige dooppraktyk.
- Afknouery.
- Baklei.
- Ontvang kuiergaste sonder toestemming tydens studie of enige tyd na aand ete.
- Leuens.
- Huiskomiteelid weet van oortredings, maar rapporteer dit nie.
- HK lid kom nie pligte na nie.
- Handhaaf nie die nodige stilte of is nie in kamer na ligte uit nie.
- Die verontagsaming van herhaalde aanmaning na ligte uit.
- Ongeoorloofde praktyke.

GRAAD 3 (G3)

- Drankgebruik of in die besit wees van alkoholiese drank en leë drankbottels.
- Vandalisme.
- Rassistiese op- of aanmerkings.
- Dwelms.
- Diefstal.
- Afwesig sonder verlof na ligte-uit saans.
- Seuns in dogters se kamer en omgekeerd.
- Sonder toestemming by koshuis gedurende skooltyd.
- Slaap uit sonder ouers se toestemming.
- Sonder huisvader/ -moeder se toestemming in persone se voertuie of op motorfietse.
- Rook of in besit wees van sigarette in koshuis.
- Swem in skool swembad sonder toestemming.
- Die koshuis/skoolterrein verlaat sonder verlof of toestemming.

2. AKSIES:

2.1 EERSTE VLAK: ROETINE OORTREDING (G1)

- 'n Koshuisleerder kry twee mondelingse waarskuwings vir enige G1 oortreding. As die betrokke leerders nog steeds versuim om sy/haar samewerking te gee word 10 negatiewe krediete toegeken.
- Wanneer daar oortree word tydens studie kan 'n ekstra strafstudie dien as straf vir oortreders.

2.2 TWEEDE VLAK: OORTREDING(G2)

- KL verkry 20 negatiewe krediete.
- In die geval waar 'n koshuisleerder die terrein verlaat sonder verlof, verkry die KL 50 negatiewe krediete.

2.3 DERDE VLAK: OORTREDING (G3)

- KL verkry onmiddelik 100 negatiewe krediete.
- KL kan ook gevra word om onmiddellik die koshuis te verlaat.

3. ALGEMENE PROSEDURE

3.1 Indien ‘n KL negatiewe krediete verkry, word hy daarvan in kennis gestel en ‘n kans gegun om te appeleer. KL bevestig sy skuld deur sy handtekening te gee.

3.2 Wanneer ‘n leerling ‘n totaal van 100 negatiewe krediete het, sal die ouers mondelings of skriftelik daarvan in kennis gestel word. ’n Verpligte detensie dien as strafmaatreël. Reëlings aangaande die tyd , datum en plek sal skriftelik deurgegee word.

3.2.1 Indien ‘n koshuisleerder ‘n vêrdere 40 negatiewe krediete ontvang na ‘n eerste detensie, word ‘n formele dissiplinêre verhoor geskeduleer.

3.3 Vir enige graad 3 oortreding sal die huisvader/-moeder onmiddellik telefonies met die ouers in verbinding tree en ‘n afspraak reël tussen die leerders, die ouers en die departementshoof: Opvoedkundige Leiding.

3.3.1 ‘n Definitiewe skorsing sal van toepassing wees, asook ‘n verdêre 50 negatiewe krediete.

3.4 Wanneer die KL 200 negatiewe krediete opgebou het sal hy/sy gevra word om die koshuis onmiddelik permanent te verlaat.

3.5 Vir ‘n herhaling van enige van die graad 3 oortredings kan ‘n leerling gevra word om die koshuis onmiddelik te verlaat, ongeag of die KL 200 negatiewe krediete het of nie.

3.6 Daar bestaan ‘n sisteem wat voorsiening maak dat leerlinge ook positiewe krediete kan verwerf. Sodanige krediete sal as ‘n positiewe punte tel tydens die keuringsproses vir die daaropvolgende akademiese jaar. Positiewe punte sal nie van die negatiewe punte afgetrek word nie.

3.7 Geen koshuisleerder sal outomaties van sy plek verseker wees vir die volgende jaar nie. Leerlinge word toegelaat op grond van die bydrae wat hulle tot die skool kan maak. Die Hoof behou homself die reg voor om te enige tyd gedurende die jaar ‘n leerling te laat evalueer deur die keuringskomitee ten opsigte van :

a) Akademiese vordering
b) Sport en kultuur deelname
c) Algemene gedrag en houding
d) Positiewe en negatiewe krediete binne koshuis sowel as skool verband
Indien so ‘n KL wat geher-evalueer word sonder mediese bewyse ophou om sy sport te beoefen of sy kultuurbedrywighede staak of ‘n drastiese agteruitgang in sy akademie toon, kan sodanige KL gevra word om die koshuis te verlaat
e) Geen leerder wat sy/haar graad druip, sal hertoelgelaat word tot die koshuis nie.

3.8 Alle addisionele reëls word in ‘n baie ernstige lig gesien en sal dus as ‘n graad 3 oortreding hanteer word.

3.9 ‘n Deposito van R300.00 is betaalbaar voor toelating wat weer terug betaal sal word of oorgedra kan word, indien geen skade aangerig is nie.

_____
SKOOL- & KOSHUIS HOOF (waarnemend)

_____ _____
Keuringskomitee: Mev S Richards Koshuisvader/ moeder

HIERMEE ERKEN EK .....…….... OUER VAN .....…….……

ONTVANGS VAN BOGENOEMDE SKRYWE.

....
HANDTEKENING OUER DATUM

.....
HANDTEKENING KOSHUIS LEERDER